

Die Kennis van Sy Wil

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B383A Eng/Afr.

Skriflesing uit Kol.1:1-23

Kernvers: 9 – ‘Daarom hou ons ook nie op om vir julle te bid nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig.’

Geliefdes, ons Christene is dikwels besig in ons gebede met minder belangrike dinge – ons moet ernstig bid om God se wil in ons lewens, ons volk en in ons regering te weet want dan sal so baie dinge verander, party groot probleme sal net opgelos word.

Ons sal nie gebedsverhoring kry op die dinge wat verkeerd geloop het in ons lewens nie, omdat ons nie altyd reg bid nie. Baie van hierdie dinge is simptome en subtiele afdwalinge van God en van Sy wil.

Paulus bid hier dat ons vervul mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig. Ons lewe in ‘n moeilike ekonomiese tyd en vir sommige van u is dit ‘n groot probleem as u dalk u huis sou verloor omdat u nie die paaiement meer kan bekostig nie. Of as u motor gebreek het...die Christen sal ernstig bid hieroor.

Maar alvorens God se volmaakte wil nie op aarde geskied nie sal hierdie tipe van probleme nie wegby nie, dit sal maar weer en weer plaasvind. Ons moet God se volmaakte wil soek en daarvoor bid!

Soos die Here Jesus gesê het: ‘Soek eers die Koninkryk van die hemele en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.’

My hart word benoud oor my volk en my mense want dit lyk of sommiges hul geloof wil verloor, hulle het dan al so baie gebid oor die probleme in die land en in hul lewens verander nie... is dit nie dalk dat ons verkeerd bid nie? Ons is uit harmonie met die wil van God!